
# Wawiel

Jaargang 35 Vol. 6




# Wapadrand

# INHOUD

INHOUD …..…………………………………..…….. BL 2
STILTETYD……………………………………...… BL 3
BESTUURSLEDE ………………………….…….. BL 4
REDAKSIONEEL ……………………………..…… BL 5
UIT DIE VOORSITTER SE PEN ……………… BL 6
SENIOR BURGERS …………………………… BL 7
JEUG ……………………………………………….. BL 8
KWARTAALKAMPE ……………………………. BL 11
LIEF EN LEED ……………………….………...… BL 18
VERJAARSDAE & HUWELIKHERDENKINGS BL 19
RESEPTE ……………………………………….. BL 20
JAARPROGRAM………………………………… BL 21

# STILTETYD

## Filipense 2:13

Want dit is God wat in julle werk.  Hy gee julle ook die begeerte om te doen wat Hy graag wil hê en dan gee Hy julle ook nog die krag om dit te doen.

## Psalm 5:13

U seën iemand wat aan U gehoorsaam is en u liefde beskerm hom soos ‘n skild.

## 1 Korintiërs 13:7

As ‘n mens iemand liefhet, kan jy stilbly oor sy foute.  Jy kan die beste dinge oor hom glo en die beste van hom verwag en nooit ophou om hom lief te hê nie.



**Die 2024/2025 BESTUUR**

.



VOORSITTER REINARDT V RENSBURG
reilynn@vodamail.co.za Sel: 082 332 7217



ONDERVOORSITTER ANDY TOERIEN
toeriena@outlook.com Sel: 082 256 5044



SEKRETARESSE JANETTA TOERIEN
Wapadrand.sek@sawa.org.za
janettatoerien@gmail.com Sel: 076 253 5577



PENNINGMEESTER LYNETTE V RENSBURG
lynettevanrensburg3@gmail.com
Sel: 082 068 6517



ADDISIONELE LID DALEEN PIENAAR
pienaars@netactive.co.za Sel : 082 848 7478



ADDISIONELE LID GERALDINE MüLLER
NUUSBRIEFREDAKTEUR
muller.sj@outlook.com Sel: 083 490 3588

# REDAKSIONEEL

Wat meer kan ek sê — Presidente Paasnaweek was heerlik!!

Ons het so baie Sawanante ontmoet en nuwe vriendskappe gebou.

Baie dankie aan elkeen wat ‘n bydrae gelewer het met hierdie uitgawe van die Wawiel.

Geraldine

Redaktrise



**Uit die Voorsitter se pen**



Wapadranders

Tyd vlieg verby—dis amper ondenkbaar dat ons al in Mei-maand is.

Die koue begin stadig maar seker insluip en ons moet sorg dat ons onsself goed oppas in die komende wintermaande .

Ons is baie bly om te hoor dat die Presidentekamp ‘n groot sukses was. ‘n Spesiale dankie aan elke lid wat ons daar verteenwoordig het. Vyf senior lede en een gewone lid en twee gaste het die geleentheid bygewoon. Dit is wonderlik om te sien hoe ons mense betrokke bly.

Nou sien ons regtig uit na die Buffelspoort Saamkuierkamp.

Hoop om julle almal daar te sien—dit gaan lekker wees.

Intussen bly warm en gesond in hierdie koue wintertyd.

Groete

Reinardt

## SENIOR BURGERS

**Betekenis:**

**‘n Senior Burger is iemand wat nog groei, wat nog leer, met potensiaal, en wie se lewe belofte inhou vir skakeling met die toekoms.**

**Seppie Müller het die onderstaande by een van sy vriende gekry en ek deel dit graag.**

**“n Senior Burger is iemand wat hier was voor die pil, voor vrieskos, televisie, kredietkaarte en bolpuntpenne. “Hardeware” was hamers, spykers, boute en moere. En “sagteware” was nog nie eens ‘n woord nie.**

**Senior Burgers was hier voor droogdrup, skottelgoedwassers, pizzas en kitskoffie.**

**Toe die Senior Burgers jonk was het hulle getrou en dan saamgebly. Sigarette was ‘n teken van klas*, boom* was ‘n verfraaiing vir die tuin, *dop* was ‘n ding om ‘n eier en ‘n *agtermekaar kêrel* het mens graag verwelkom by jou dogter.**

**Senior Burgers is nogal taamlik geharde mense—veral as mens dink hoeveel hulle moes aanpas by vandag se tye”!**

# JEUG

Met ons jeug gaan dit goed.  Ons het 6 jeuglede gehad en 1 gas wat die naweek saam gekuier het.

Hulle was Logan & Liam Müller en Liebe & Inge Müller asook hul nefie SJ en die Van Straaten broers. SJ-hulle het elke dag kom inloer vir die langnaweek aangesien hul net 'n kilometer van View on the Vaal af woon.



Oupa Martin Rix saam met die Müllertjies.  Logan & Liam het vuur gepak met dennebolle.  Liam is die een met die ondeunde gesiggie.



Inge & Liebe kyk toe hoe die vuur gemaak





Christiaan Bezuidenhout wat sy graad behaal het.



Trotse ouma Hester by Christiaan



SJ Müller ons kleinseun het ook kom kuier en hier is hy besig om doel te gooi.

Die Van Straatenseuns (gaste van René en Vernon Müller) het hammer-spyker met Logan en Liam gespeel




Logan besig om met ‘n rugbybal te speel



Die jongspan het heerlik saamgespeel.  Hulle het skopfiets gery, krieket gespeel, doele gegooi en "swingball" gespeel.

Daar was ook 'n skattejag vir hulle aangebied. Paashaas het paaseiers weggesteek en die kleinspan het gelukkig almal paaseiers gekry.



## KWARTAAL SE KAMPE:

## APRIL 2025 - VIEW ON THE VAAL : PAASNAWEEK



Ons was bevoorreg om al voor die tyd te gaan ontspan. Daar was toe alreeds ‘n klomp seniorburgers. Ons het rustig opgeslaan met behulp van Hoepfner Wiese, aangesien ons, ons leertjie by die huis vergeet het. Dankie Hoepfner dat jy lank is en ons kortes so mooi gehelp het. Donderdagmiddag het die meeste kampeerders ingekom en gou-gou was daar 88 Sawanant-kampeerders op die terrein.



Niël Goslett

Goeie Vrydag was dit die Presidente Paasfees Openingsrede gelei deur Niël Goslett. Ds CJ van Wyk het die eredienste gelei en elke keer was daar ‘n besonderse boodskap gelewer.



Ds CJ van Wyk

Saterdagoggend was daar verskeie stalletjies, speletjies en vermaak aangebied.  Diegene wat sterk genoeg en goed gevoel het, kon ook bloed skenk deur die dag.

Daar was die heerlikste jafels (nogal ontbytjafels met ‘n eier in), vetkoeke, hamburgers, pannekoeke, kerrie en rys en ander gebak, beskuit en koekies.  Roomys kon gekoop word.  Daar was ietsie na almal se smaak.

Baie ander items is ook te koop aangebied soos komberse, hekelgoed en sagte speelgoed.  Jy kon ook verf en die kleingoed het dit baie geniet om dit te doen.

Daar was ook ‘n talentaand aangebied met hope pret en natuurlik opkomende sangers!!!





**Hoepfner Wiese nog besig om sy skoene aan te trek**




**Hierdie foto spreek boekdele.  As jy uitgeput is na die naweek en klaar opgepak het, moet jy seker rus met 'n ietsie in die hand. Valdette en Francois Müller.**



Hier ontspan Martin & Tersia Rix saam met René van Straaten en René & Vernon Müller.  ‘n Welverdiende blaaskans vir Martin.  Hy het omtrent die hele naweek rondgehardloop.



Hier is Nico en René van Straaten saam met hul seuns. Hulle was gaste van René en Vernon Müller.





Vernon Müller sien om na sy vuur en tussenin ‘n uiltjie.  Moes toe later hoor dat hy ‘n hoofpyn gehad het.



Valdette saam met haar skoonpa Seppie Müller.

Ons vuurmaker was weer op sy pos en die boma-braaier het weer sy warmte gegee deur die aande. Dankie Hoepfner dat jy altyd jou bomabraaier saambring!




**Ken ons hierdie nie!**

Hoe veel keer het jou kinders nie by jou kom staan om te kyk wie die langste is nie.

Hier is Francois Müller, oom van SJ Müller saam met SJ, wat kyk wie die langste is. SJ se lag sê seker alles.

Hier staan Hoepfner & Elsa Wiese met hul splinter-nuwe Bush Lapa Ratel 3.  Baie geluk aan julle!




Die Müller manne.
SJ, Francois (Faf),
Stefan en Seppie



# LIEF EN LEED

## **LIEF**:

Hoepfner en Elsa Wiese het ‘n nuwe boswa aangeskaf naamlik ‘n Bush Lapa Ratel 3.  Mag julle baie vreugdevolle kampe doen.

Christiaan Bezuidenhout, oudste seun van Christo en Sarie het sy B graad  in  Ingeneurstegnologie en megattronika-ingeneurswese  behaal. Baie geluk met die prestasie.

## **LEED**:

Lynette en Reinardt se ma Eunice van Zyl kry tans chemo en dit gaan elke dag beter met haar.

Reinardt se suster Karen Sterley, se man Mike, kry ook weer chemo.

Tersia Rix is ook nie gesond nie en ons vertrou dat sy eersdaags weer haar ou self sal wees.

Janetta het gegaan vir ‘n oog prosedure.  Die steke is intussen uitgehaal en dit gaan baie beter met haar.

Andy het die skroewe uit sy hak laat haal en dit gaan ook nou beter met hom.

Ek wil ook melding maak van Ron Velloen—’n oud lid van Sawa Wapadrand wat siek is.  Hy sukkel met sy hart en asemhaling.

Ons dra jul in ons gebede op.




| | | |
|---|---|---|
| Mei | 3 | Janetta Toerien |
| | 3 | Natashia Rabie |
| | 14 | Gerrie van Aswegen |
| | 15 | JJ Rabie |
| | 16 | Hannah de Villiers |
| | 19 | Martin Rix |
| Junie | 13 | René Müller |
| | 20 | Wynand Theron |
| | 27 | Seppie Muller |




| | | |
|---|---|---|
| Mei | 17 | Rina & Gerrie van Aswegen |
| | 22 | Vernon & René Müller |
| Junie | 27 | Andy & Janetta Toerien |
| | 28 | Grabe & Annie de Villiers |

# RESEPTE

## TAMATIESMOOR : GERALDINE

**1 kg Tamaties, skille verwyder**
**4 Uie in ringe gesny**
**200 m/ Blatjang**
**200 m/ Tamatiesous**
**50 m/ Suiker**
**Knoffel soos verlang**
**Sout of Aromat soos verlang**
**Peper (ek gebruik wit peper)**
**1 Pakkie beesstert soppoeier (Ox-tail)**

**Braai uie tot sag en gaar.**
**Voeg gesnyde tamaties by.**
**Kook lekker deur.**
**Voeg res van bestanddele by.**
**Gooi dan soppoeier by (meng met bietjie water om klonte te vermy).**
**Kook weer lekker deur.**
**Vries of bottel dit.**

**Dit is heerlik!!!!**



Streekkamp

Nasionalekamp

Lamgnaweek

# SAWA Wapadrand Jaarprogram 2025

| | 2025 Kampnaweke | | | | | 2025 Kampplekke | Rigting | Kommentaar |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Januarie | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | | | |
| Februarie | 31/1-2/2 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | | San Cha Len | Noord | |
| Maart | 28/2-2/3 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Hartbeeshoek | Noord | |
| April | 4-6 | 11-13 | 17-21 | 25-27 | | Presidente ( Streekskamp) | Suid | Paasnaweek |
| Mei | 1-4 | 9-11 | 16-18 | 23-25 | 30/5-1/6 | Buffelspoort, Sitrusfees (Streekskamp) | Noord | |
| Junie | 6-8 | 13-16 | 20-22 | 27-29 | | Kaalvoet Koppies | Noord | Gebiedskamp |
| Julie | 4-6 | 11-13 | 18-20 | 25-27 | | Weesgerus, Gebiedskamp (Streekskamp) | Noordwes | 25-27 Julie; Bosveld kamp |
| Augustus | 1-3 | 8-10 | 15-17 | 22-24 | 29-31 | Bass Lake - AJV | Oos | |
| September | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | Bush Inn, Nasionaal & 100+ (Streekskamp) | Suid | |
| Oktober | 3-5 | 10-12 | 17-19 | 24-26 | | Sionsberg - Kuierkamp (Streekskamp) | Suid | Saamkuierkamp |
| November | 31/10-3/11 | 7-9 | 14-16 | 21-23 | 28-30 | Drie Berge | Noord | |
| Desember | 5-7 | 12-14 | 19-21 | 26-28 | | | | |